

Deur die nagmaal versterk die Here ons om ons nonsens te los en ons plig te doen

ds. PJ Kriel

24.02.2019

Inhoud Hierdie preek wys die verskil tussen die Nagmaal as godemaaltyd en die Nagmaal as teken wat die Here gebruik om ons in sy diens te versterk. Die Nagmaal wys ons dat ons volledig toegerus is vir ons diens aan God deur Jesus Christus. Deur ons in te sluit en te laat deel in sy liggaam en bloed, sy menswees vir ons in die hemel, maak Christus elke en alle beloftes van God se verbond as seëninge in ons lewe 'n werklikheid. Geestelikes wil God nie dien nie, maar sy goddelikheid met Hom deel en maak daarvoor die Nagmaal 'n godemaaltyd. Op hierdie wyse word hulle slegte dienaars wat elke plig 'n geleentheid maak om deel van God se krag, lewe en mag te word in plaas daarvan om net hul plig te doen. Die Nagmaal rus ons toe om dankbare dienaars te wees terwyl godemaaltye mense hul plig teenoor God laat ontduik.

Skriflesing Lukas 17: 7 – 10; 1 Korinthiërs 10: 14 – 21; Efesiërs 1: 1 – 14.

Teks 1 Kor. 10: 16 “Die beker van danksegging, waarvoor ons die Here dank, is dit nie die gemeenskap met die bloed van Christus nie?”

Tema Deur die nagmaal versterk die Here ons om ons nonsens te los en ons plig te doen.

1. Die wyn wat ons vanoggend met die nagmaal gaan drink, word deur Paulus in 1 Korintiërs 10 genoem die beker van danksegging. Dit is 'n benaming uit die Pasga vir die derde keer wat die Jode tydens die Paasmaaltyd wyn gedrink het, wat die Here hier saam met sy dissipels gevier het

Die Here neem hierdie derde wyndrinkgeleentheid van die Pasga en maak dit die teken vir sy dissipels van sy lyding, kruisiging, sterwe en opstanding as mens uit die dood.

Die beker van danksegging, die wyn wat ons vanoggend dan drink, is 'n teken waarmee die Here vir ons bevestig dat Hy ons insluit en laat deel in sy veroordeling, sy vervloeking, sy straf en sy verwerping deur God as sondaar.

2. In die nagmaal eet ons glad nie van die Paaslam nie.

Wanneer u na die Nagmaalstafel hier voor die kansel kyk, moet u oplet na wat hier nie op die Nagmaalstafel is nie, wat die belangrikste deel van die Paasmaaltyd was! Die belangrikste deel van die Paasmaaltyd was die Paaslam en dit is glad nie op die Nagmaalstafel nie.

Ons eet in die nagmaal nie die vleis van die Paaslam, die offerlam nie! Christus vat doelbewus die offerlam as die belangrikste deel van die Paasmaaltyd uit die

Deur die nagmaal versterk die Here ons om ons nonsens te los en ons plig te doen

Nagmaal weg. Daarmee wys die Here in die Nagmaal dat wie Hy as Paaslam is, is Hy alleen en is ons nie saam met Hom nie, en wat met Hom as Paaslam gebeur, gebeur net met Hom en nooit met ons nie.

Wat Hy doen, doen Hy as die Seun van God, net Hy alleen. Hy laat ons deel in die voordeel van wat Hy vir ons bewerk, maar ons deel nooit in sy werksaamheid om die Paaslam te wees nie.

3. Daarom gee Christus aan ons die beker van danksegging, bedoelende die beker waaroor ons die Here dank vir wat Hy doen en met ons deel. Die danksegging is dank vir dit wat ons nooit self hoef te doen en self hoef te wees nie.

Die beker van danksegging beseël ons gemeenskap met wat Jesus vir ons doen. Dit wys dat die Here ons insluit en laat deel in wie Hy vir ons is en wat Hy vir ons doen. Hy gee Homself as die offer wat die veroordeling, die vervloeking, die straf en verwerping dra sonder dat ons dit ooit dra.

Dit is juis omdat Hy ons insluit en laat deel in wat Hy alleen dra, dat ons in hierdie gemeenskap met Hom geen veroordeling, geen vervloeking, geen straf of verwerping ooit sal ervaar vir die sondes wat ons doen nie, en in dit wat Hy met ons deel juis vir God as mense heilig, regverdig, onberispelik en smetloos is, al leef ons self nooit só nie.

4. Die beker van danksegging stel ons vanoggend voor die vraag wie dank vir wie in en deur die nagmaal, die beker van danksegging?

Dit is die saak wat die Here vir ons self uitwys in die gelykenis van die slaaf wat sy dagtaak moet uitvoer en daarna nog vir sy Meester aandete moet gaan voorberei.

Die punt van vergelyking in hierdie gelykenis van die Here is dat wanneer die slaaf buite die huis werk is hy 'n dienaar en wanneer hy in die huis van sy meester inkom, bly hy 'n dienaar. Buite moet hy werk en skape op pas en binne met hy die ete vir sy meester voorberei.

Wat nooit kan gebeur as die slaaf in sy meester se huis ingaan nie, is dat hy 'n geesgenoot van sy meester word nie. Die direkte Afrikaanse vertaling bring die bedoeling mooi uit met die vertaling van wat die eienaar nooit vir sy slaaf sal sê nie: "Kom lê dadelik aan tafel aan nie". Dit beteken: "Kom lê hier saam met my by my tafel aan, en kom eet en kuier saam met my."

'n Denaar bly 'n dienaar binne en buite die huis. Hy word nooit die eienaar se geesgenoot in krag, lewe, eiendom, lewe en bestuur wanneer hy in die huis inkom nie.

Deur die nagmaal versterk die Here ons om ons nonsens te los en ons plig te doen

5. Dit is net soos dit vandag nog werk met werkgewers en werknemers op plase. Jy sal vir jou arbeider die opdrag gee om te gaan ploeg, water gee, gif spuit en die oes afhaal deur die dag, en as hy vanaand by die huis sal jy vir hom sê om hout te gaan haal en vuur te maak en vleis te braai, waarna hy huis toe kan gaan.

Jy sal nooit vir 'n arbeider dankie sê vir sy dag se harde werk deur hom by jou by jou tafel te kom laat aanlê om saam met jou te eet en te kuier nie. In alles bly hy die arbeider en jou die eienaar en bestuurder. Hy word nooit jou geesgenoot nie.

Ek wil dit vir u graag toelig met 'n insident tussen my en my seun MC in sy tienerjare. Ek was tot en met hy so sestion – sewentien was, die motorbestuurder. Ek het die gesag in die motor: ek neem die besluite oor wanneer en hoe ons ry, ek bepaal die pad en rigting waarheen ons ry, ek besluit oor die spoed waarteen ons ry. Hy ry net saam! Hy deel nie my gesag nie en hy het geen inspraak in my besluite nie, maar hy is deel van alles in die motor waarmee ons saam ry.

Toe kom die eerste dag dat ek hom moet leer hoe om te bestuur. Toe hy daardie stuurwiel in sy hande neem, toe sien en hy dat hy dat nou glo het dat hy die gesag van en oor die motor gekry het. Dit het ek sommer net in die manier waarop hy die stuurwiel vasgehou het, gesien. Hy het geglo dat as hy agter die stuurwiel sit dan gaan hy die besluite neem oor waar, wanneer en hoe ons gaan ry.

Dis toe dat ek vir hom sê: “Seun, wanneer ek agter die stuurwiel sit is ek die bestuurder en jy die passasier. Wanneer jy agter die stuurwiel sit en ek langs jou sit, is jy die chauffeur en ek nog steeds die bestuurder. In hierdie motor word jy net 'n drywer, nooit 'n bestuurder nie. Jy doen wat ek besluit en jy ry hoe, wanneer, en waarheen soos ek vir jou sê.”

6. Wie dank vir wie en vir wat in die nagmaal?

Ons het in ons eie kerk al landswyd 'n nuwe manier waarop geestelikes die nagmaal aanbied en saam vier. “Kom lê hier by My by my tafel aan”, sê hulle, sê God vir jou met die tekens van die nagmaal! “Jy het so hard gewerk met die skape oppas en die geploeëry vandag in die warm son, kom laat ek jou trakteer op 'n kuier en ete saam met my as beloning vir wat jy vir my gedoen het!”

Wat gebeur as die nagmaal 'n saam aanlê-ete met God word?

Dit is presies die saak wat Paulus in 1 Kor. 10 aanspreek en dit duidelik stel aan die gemeente – die nagmaal is nie 'n godemaaltyd soos godemaaltye in al die afgodsdienste van die wêreld gebeur nie.

Deur die nagmaal versterk die Here ons om ons nonsens te los en ons plig te doen

Wat het in hierdie godemaaltye gebeur?

Mense het vir gode offers gebring, en dan word hulle offer vir hul gode 'n ete waarin hulle en hul gode saam aanlê en die offer wat hulle vir die god gebring het, saam geniet as 'n kuiergeleentheid.

Op hierdie wyse is godemaaltye die kuiergeleenthede waarin mense met hul offers by God self aanlê sodat hulle met hierdie gekuier die lewe, krag, mag, gesag, eiendom en heerskappy van hul god as hul eie kan vier! Godemaaltye is geleenthede waarin gode mense vir hul offervaardigheid bedank vir skape op pas en lande ploeg, deur mense in te sluit in die goddelikheid van gode.

7. Die nagmaal is presies net die teenoorgestelde van 'n maaltyd waarin 'n mens met God kom aanlê vir 'n gesellige saamkuier met God.

U moet weer na die Nagmaalstafel kyk!

- Hier is op hierdie tafel geen offervleis om te eet nie. Nie offer vleis wat u vir God gee nie en ook nie offervleis wat God vir jou gee nie. Die offerlam is weggeneem uit die Nagmaal uit.
- Hierdie tekens op die tafel is nie 'n manier waarop God jou bedank vir harde werk deur jou te laat aanlê vir 'n gesellige kuier saam met God nie.
- Hierdie tekens wys juis dat die Here jou insluit in wie Jesus Christus as mens in die hemel is. Wyn en brood is bloed en vleis! Nie goddelike lewe, kragte en magte nie.
- Met hierdie brood en wyn bevestig die Here dat Hy jou insluit in wie Hy as mens vir jou is, om te deel in sy werklike menswees: om 'n straflose, onskuldige en oordeellose mens te wees omdat Hy vir jou die gebreekte sondaar en uitgegiete sondaar was; om jou vir God 'n regverdig en heilige mens te laat wees in jou vereniging met Christus as mens.

8. Wat laat God u deur die Nagmaal wees?

Nie godsgenote nie, maar dankbare dienaars!

In en deur dit wat in die Nagmaal gebeur maak God ons dankbare dienaars wat skape op pas en ploeg buite sy huis en dienaars wat dienaars bly as ons sy huis binnegaan. Dienaars wat die ete voorberei en voorsit vir God.

Deur die nagmaal versterk die Here ons om ons nonsens te los en ons plig te doen

God maak ons dankbare dienaars wat Hy toegerus het vir elke goeie werk wat ons vir God buite en binne sy huis doen, buite in die week se arbeid en binne in die binnekamer en erediens. Daarom is die Nagmaal juis die teken dat die Here ons dankbare dienaars maak wat die hele tyd met dienswerk vir God besig is en nooit God se aanlê kamerade word nie.

Die Nagmaal is nie ons teken waardeur ons met ons offer vir God 'n kuiergeleentheid saam met ons skep, sodat Hy sy lewe en krag met ons kan deel nie. Die Nagmaal is nie ons teken van hoe ons ons harte, lewens, krag en persoon aan God opoffer sodat God deur hierdie offer ons by Hom kom laat aanlê nie.

9. Ek het vandag vir u spesiaal Efesiërs 1 verse 1 – 14 gelees in aansluiting by verlede Sondag se preek ter voorbereiding van die Nagmaal vanoggend.

In hierdie teksgedeelte wys Paulus dat Christus elke en alle beloftes van God waarmee Hy ons toerus om sy dienaars te wees, in en vir ons 'n werklikheid maak. Christus maak die beloftes van God seëninge in ons lewens. Seëninge is die werklikheid van die vervulde beloftes van Jer. 31 en Eseg. 36 binne ons en ons lewe. Paulus wys met hiermee dat daar niks in God se beloftes deur Christus vir ons ontbreek of uitstaande is nie.

- Volkome toegerus vir dankbare dienswerk! Ons is altyd heilig en onberispelik in God se diens, met al ons gesukkel met en foute in ons dienswerk. (Efe. 1:4)
- Volkome toegerus vir dankbare dienswerk! God maak ons dienswerk die liefdevolle toewyding van kinders en nie die vreesbevange onderwerping van slawe nie. (Efe. 1:5)
- Volkome toegerus vir dankbare dienswerk! God maak ons mense wat nooit vir enige oortreding in ons dienswerk gestaf sal word nie, maar wie altyd in sy wonderlike genade onskuldig in sy diens bly. (Efe. 1: 6,7)
- Volkome toegerus vir dankbare dienswerk! God maak ons altyd deel van sy diensspan, die kerk en laat ons nooit alleen dien nie. (Efe. 1: 11,13)
- Volkome toegerus vir dankbare dienswerk! God is met sy Gees met ons en lei, leer, voed ons op en bestuur ons in sy diens deur sy Gees met ons. Ons word nooit onder toesig van voormanne of op ons eie in sy diens gelos nie. (Efe. 1: 13,14)

10. Hierdie toerusting vir volle dankbare dienswerk vind nie plaas deur kerklike toerustingsprogramme, spesiale kerklike kursusse of mentoraatskap van kerklike toesighouers nie.

Deur die nagmaal versterk die Here ons om ons nonsens te los en ons plig te doen

Christus rus ons toe deur God se beloftes seëninge in ons lewe te maak. Dit voer Christus uit deur ons in te sluit en te verenig in wie Hy as mens in ons plek aan die kruis en in die graf, en vandag as mens in die hemel is.

Ons is ingesluit in 'n offer wie ons self nooit sal wees nie, Jesus Christus.

Hierdeur maak die Here Jesus Christus ons dankbare mense met 'n nuwe gesindheid – wat ons vir God doen is net ons plig, ons plig in dankbaarheid vir wie Hy ons laat wees – sy dienaars!

Wanneer ons met ons dagtaak en lewensarbeid besig is, om skape op te pas of te ploeg, doen ons net ons plig! Wanneer ons in die Here se huis, sy teenwoordigheid ingaan, dan kom doen ons ook net ons plig. Ons eer Hom, loof Hom, prys Hom, gehoorsaam Hom, dank Hom – net omdat is ons plig as dankbare dienaars is.

Ons werk nie vir Hom nie, en wanneer dan ons in ons binnekamer of die gemeente se erediens in sy teenwoordigheid inkom, gaan lê ons saam met Hom en kuier nie. Ook in hierdie erediens doen ons net ons plig as dienaars wat van die veld af in die huis ingekom het: ons doen wat dienaars moet doen, ons dank, eer en loof God vir hoe en wie Hy as God is.

Ons kom nie hier by Hom aanlê om sy goddelikheid en sy lewe, krag, mag, persoon, eiendom en heerskappy as God met Hom te kom saam deel en saam vier nie.

9. Wat se tipe slawe, dienaars, werkers word hulle wat deur hulle eienaars bedank word deur hulle saam met die werkgewer aan tafel te kom aanlê, om saam gesellige geesgenote en kamerade te wees in lewe, krag, eiendom en heerskappy?

Dit maak werkers slegte werkers! Dit maak werkers mense wat nie meer hulle plig wil doen nie maar hulle met nonsens wil besig hou.

Kom ons kyk na 'n voorbeeld wat elke dag in die werksplek afspeel!

'n Werkgewer kom en gee vir sy werknemer 'n handboor, skroewedraaier, ystervyl en 'n stuk yster en gee hom die opdrag om hierdie yster as hanger teen die muur vas te kry.

En dan kom daardie saam aanlê-houding van hierdie werker na vore! Hy is altyd ontevrede met die toerusting waarmee hy sy werk moet doen en maak altyd planne, voorstelle en eise oor watter toerusting ontbreek vir die plig wat hy moet uitvoer. En hierdie ontbrekende toerusting wat hy eis skryf hy dan toe aan die swak verhouding met die werknemer waarmee hy gister aand saam aangelê het.

Deur die nagmaal versterk die Here ons om ons nonsens te los en ons plig te doen

- Hy sal stel dat hy nie die werk reg kan doen nie, want die handboor werk nie goed nie en dat hy eers 'n elektriese boor moet kry. Wanneer sy werkgewer vir hom aansê dat hy sy werk moet doen met die toerusting wat hy het, verklaar hy 'n dispuut en wil hy oor die swak verhouding met sy werkgewer praat.
- Kry hy 'n elektriese boor, dan is die skroewedraaier skielik nie meer goed genoeg nie, en moet hy eers 'n elektriese skroewedraaier kry voor hy sy plig kan uitvoer. Kry hy dit nie, dan is daar weer 'n sogenaamde verhoudingsprobleem met die werkgewer.
- Wanneer hy dan hierdie elektriese skroewedraaier kry, dan kort hy skielik 'n "grinder" want die vyl sal swak werk oplewer.
- Wanneer hy al die spesiale en nuwe toerusting kry, dan begin hy kla oor die werksomstandighede wat nie reg is nie, hy kan nie sonder 'n lugversorger, spesiale klere en lang etensure werk nie.

10. Wat weet ons van hierdie "slaaf" met al sy gekla oor onvoldoende toerusting en swak werksomstandighede?

Hy wil nie net 'n dankbare dienaar wees wat net sy plig moet uitvoer soos hy gesê word, met die toerusting wat hy daarvoor gegee word nie. Hy is 'n slegte dienaar wat net by sy werkgewer wil aanlê, saamkuier en deel van die bestuur van die onderneming en werkers wil word.

Dit is die nuwe tipe moderne Christelikheid binne die kerk!

Die Nagmaal moet vir mense 'n fees gemaak word waarin hulle by God wil kom aanlê en kuier sodat God sy dankbaarheid aan hulle kan bewys deur hulle in te sluit en te laat deel in sy goddelike krag, mag, naam, lewe, persoon en heerskappy!

Hulle wil nie die Nagmaal ontvang as die verseëling van God se volledige toerusting om hulle sy dankbare dienaars te laat wees nie. Hulle wil nie versterk word deur hierdie teken om net dankbaar te gaan dien en hulle plig dankbaar te doen nie.

11. In hierdie aanlê-saam-met-God in die Nagmaal wil hulle die godsmaal vier waarin hulle deel is van die fees van God se goddelikheid!

- Hulle sal maak asof hulle nie krag het om hulle plig vir God te doen nie omdat hulle as swak mense wat nog sukkel met sonde nog nie vervul is met

Deur die nagmaal versterk die Here ons om ons nonsens te los en ons plig te doen

goddelike krag en mag nie. Om hul plig sonder goddelike krag en mag te moet gaan doen, sal hulle voorhou as 'n swak verhouding met God.

- Ontvang hulle volgens hulle self dan hierdie goddelike krag en mag, dan wil hulle nog steeds nie hulle plig teenoor God gaan doen met die toerusting wat Hy aan hulle voorsien het nie, want hulle wil hê elke plig moet 'n spesiale ervaring met God wees, nie net die uitvoer van die pligte van dienaars nie. Maak God hulle dienswerk nie spesiale ervarings met God, aanlê geleenthede nie, verklaar hulle dat hulle 'n verhoudingsprobleem met God het.
- Word hulle dienswerk dan in hulle eie gemoed spesiale ervarings met God, dan wil hulle weer nie hul plig gaan doen as gewone dienaars nie, want nou wil hulle nie meer doen wat God sê nie, maar sy drome, planne, besluite as hul eie drome, planne en besluite ervaar.
- En as hulle nou glo dat hulle dit ook kry, dan wil hulle nog steeds nie hul plig as dienaars teenoor God uitvoer nie, want nou stel hulle voorwaardes oor hulle werksomstandighede, God moet hulle eers gelukkig maak, kommerloos maak, gesond en ryk maak!

Hierdie geestelikes is slegte dienaars van God, want hulle wil nie dankbare dienaars wees, dankbaar dat hulle mag dien nie. Hulle wil nie net hulle pligte dankbaar uitvoer met die toerusting wat God aan hulle gee om hul pligte uit te voer nie.

Hulle wil van elke plig 'n aanlê-kuier met God maak as manier om hul posisie as dienaars te ontduik en hul plig te versaak.

12. Wat is hierdie Nagmaal wat ons vanoggend as gemeente saam gaan gebruik?

Is dit 'n aanlê kuier-geleentheid by God: "Kom lê dadelik aan die tafel aan." (Luk. 17: 7)

Of

is dit 'n teken waarmee die Here ons versterk dat Hy ons volledig en genoegsaam toegerus het om sy dankbare dienaars te mag wees?

Die Nagmaal wys ons juis dat ons in al die beloftes van God as vervulde seëninge deel in en deur ons vereniging met Jesus se menswees in die hemel, sy liggaam en sy bloed.

Dankbare dienaars wat die nonsens los dat ons nie ons plig kan doen nie, omdat ons nie God se krag, lewe en mag met Hom deel nie!

Deur die nagmaal versterk die Here ons om ons nonsens te los en ons plig te doen

- Dankbare dienaars wat weet hulle diens is vir God heilig en onberispelik, al maak hulle aanhoudend foute en kan dit nooit volgens sy wet reg wees nie.
- Dankbare dienaars wat weet hulle diens word as liefdeplig aanvaar.
- Dankbare dienaars wat weet hulle is deel van God se groot diensspan op aarde, sy kerk.
- Dankbare dienaars wat weet hulle sal nooit vir oortredings gestraf word nie en nooit uit diens ontslaan word nie deur die genade van die Here.
- Dankbare dienaars wat weet God is by hulle deur sy Gees en los hulle nooit in hul diensplig alleen nie.

Daarom wys die Nagmaal ons om met hierdie nonsens te stop dat

- ons met God 'n godemaal wil vier sodat ons kan begin om slegte dienaars te wees wat elke plig net wil ontduik deur meer goddelike krag, mag, lewe en outoriteit wil verkry.
- ons vir elke plig een of ander verskoning oor die omstandighede waarin die Here ons sy dienaars laat wees kry om nie ons plig net uit te voer nie.

Kom ons neem die teken van die Here op waarin Hy ons versterk om dankbare dienaars te gaan wees! Kom ons neem die teken op waardeur die Here ons wys dat Hy ons volledig en volkome vir onsdienswerk toegerus het deur ons in te sluit in Jesus Christus se mens wees vir ons.

Kom ons gaan doen ons plig hierdie week as dankbare dienaars in die arbeid en samesyn waarmee ons buite die erediens gaan besig wees en wanneer ons in ons binnekamer of hier in die erediens die “huis” van God binnegaan, kom ons bly dienaars wat Hom hier kom loof, eer, dank, aanbid en prys omdat dit gewoon net ons plig is as dankbare dienaars.

Kom ons stop die nonsens om in ons binnekamer en in die eredienste by God te kom wil aanlê om daardeur sy dankbaarheid vir ons offers te wys!

Kom ons gebruik die Nagmaal as die teken vir dankbare dienaars!